**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**

# Die Basuin

**20 November 2022**



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Eredienste begin 09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Markus 14: 26 - 31 |
| **Tema** | Jesus gaan sy kruisdood singend tegemoet. |
| **Sang** | Psalm 118: 1,3<br>Skrifberyming : 18-7: 3, 12<br>Psalm 115: 1, 9<br>Psalm 116: 1, 2<br>Skrifberyming 17-3: 1, 3<br>Psalm 116: 9, 10 |

As ons aan Jesus dink, dink ons aan Sy woorde in die Bergrede met die saligsprekinge en die Profetiese rede. Of ons dink aan sy dade: die wonderwerke, die opwekking van dooies. Maar dink ons ooit aan Hom as die singende Jesus nie. Markus 14 vertel van die priesterhoofde en skrifgeleerdes wat Sy dood beplan; die mense naaste aan Hom mor oor die liefdesdaad van 'n vrou aan Hom; Judas is besig om die moordkomplot deur te voer. Petrus se belofte dat hy by Jesus sal staan, is net ydele woorde; in Getsemane ondersteun sy dissipels Hom nie; al die dissipels hardloop weg. Voorwaar 'n droewige prentjie.

Dis teen hierdie hartseer agtergrond dat Jesus die laaste keer die Pasga saam met sy dissipels eet. Die aand voor sy kruisiging, toe Hy die Nagmaal ingestel het, het Jesus saam met sy dissipels die lofsang gesing. Watter lofsang was dit?  By die Pasga het die Jode vier maal uit die Groot Hallel gesing. Dit is Psalm 113 tot 118.

Veral Psalm 116 is besonderlik van toepassing op die lydende Jesus: "Om my was bande en strikke van die dood; en angste van die hel het my laat bewe." So het Jesus in sy lydensnag die smart van Sy hart singend vir sy hemelse Vader vertel. Geen wonder nie dat dit 'n eeu-oue gebruik is in die Christelike kerk om by die nagmaal by voorkeur uit Psalm 116 te sing. Wat bring jou nader aan Jesus as om dieselfde liedere te sing wat Hy in die donkerste nag van sy lewe gesing het? Die laaste Psalm wat Jesus saam met sy dissipels gesing het, is Psalm 118. Dit is 'n loflied van begin tot end. Die laaste woorde wat Jesus gesing het, is: "Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie." (Psalm 118:29). Met hierdie lofsang in sy hart is Jesus en sy dissipels na die Olyfberg en na Getsemane.

Mag die Heilige Gees ons die krag gee om Jesus dit te kan nasing - ook wanneer jy op die lydenspad is! Tydens ons leeftyd sal die meeste van ons een of ander tyd die dood in die gesig staar – 'n lewensgevaarlike siekte, 'n groot operasie, 'n wrede aanval of ‘n ernstige ongeluk. Maar soos die skrywer van hierdie Psalms het ons 'n God tot wie ons met vertroue kan bid. Hy het ons lief en Hy het ons met 'n doel op aarde geplaas. En totdat dit Sy tyd is om ons na ons Vaderhuis te neem, sal Hy ons beskerm. Hy sal ons in sy Almagtige hande vashou en ons in staat stel om Hom te dien, volgens sy wil en tot sy eer. Danksy Hom kan ons die lewe met vertroue aanpak en ‘n loflied in die donker nag bly sing.

# OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Gerhard Maritz wat 10 weke in die intensiewe sorgeenheid is. Ons bid vir Martie en Johan wat hom getrou bystaan. Mag ons Vader se liefdevolle bystand julle versterk.
* Johanna Samuels is geopereer en is weer tuis. Ons bid vir spoedige genesing en dat Hendrik jou mooi sal versorg.
* Theuns Botha gaan weer DV Maandag vir verdere toetse. Ons bid saam dat die uitslag positief sal wees.
* Ons innige simpatie met Valerie O'Reilly en familie wie se moeder die afgelope week oorlede is nadat sy beroerte gehad het. Ons bid dat die Heilige Gees julle sal troos met Sy vredevolle teenwoordigheid.
* Ons dink aan ons kinders wat eksamen skryf. Baie sterkte vir almal.
* Die matriekeksamen is bykans agter die rug. Baie seën met die wag op die uitslae.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 20 NOV

**Diensbeurt: Wyk 16**
**Ouderling: Francois Lessing**

**Katkisasie: Geen**
**Diaken: Antonie Weideman**

***Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat hulle voor die erediens in die konsistorie moet vergader.***

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE



**27 November 2022**
**Suniska Pettitt**
**Susan Pettitt**
**Alta Pretorius**
**Elmarie Swanepoel**
**Amri v Aarde**

**4 Desember 2022**
**Anerique vd Walt**
**Erika vd Walt**
**Annatjie Venter**
**Corina Venter**
**Tialeen Venter**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## BYBELSTUDIE

Neem asseblief kennis dat ***Bybelstudie*** eers weer in die ***nuwejaar sal hervat***.
Hou die Basuin dop vir datums.





# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 20 Nov | Elmara Wolmerans<br>Wian vd Walt | 50<br>9 | B<br>D | 083 339 5398<br>078 176 0964 |
| Do 24 Nov | Rietha Carstens | 64 | B | 072 453 9747 |
| Vr 25 Nov | Stephan Coetsee | 52 | B | 082 494 0596 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Do 24 Nov 1984 | Albert & Annamart Coetsee | 38 | 083 627 6821<br>083 626 3900 |
| Do 24 Nov 2012 | Danie & Rioni Combrink | 10 | 082 335 9553<br>082 804 7041 |
| Vr 25 Nov 1978 | Hendrik & Johanna Samuels | 44 | 082 412 8092<br>066 223 6986 |

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

*En die Gees en die bruid sê: "Kom!*
*" En laat elkeen wat luister, sê:*
*"Kom!*
*" En laat elkeen wat dors het, kom.*
*En laat elkeen wat dit begeer,*
*die water van die lewe kom kry,*
*verniet!*
*Openbaring 22:17*

# DOPPERDAGBOEK

Lidmate binne die gemeente wat:

- gekwalifiseerde **elektrisiëns, loodgieters, boukontrakteurs, of enige ander ambag** het; asook :
- gekwalifiseerde **onderwysers, boekhouers,** ens
- **kleremakers, kokke, bakkers, of enige persoon wat 'n talent of stokperdjie be-oefen** en wat die graag aan ander lidmate wil bekendstel of hulle dienste aan lidmate wil gee, word versoek om hulle besonderhede by die kerkkantoor te kom opgee.



- **Ons beplan om 'n databasis op te bou van lidmate met vaardighede wat hulp kan verleen aan lidmate binne die gemeente.**
- **Die Dopperdagboek sal kwartaaliks in die Basuin verskyn.**

## ALMANAK 2023 EN ANDER KERK PUBLIKASIES

**Lidmate wat die Almanak 2023 wil bestel moet asb hulle name op die lys plaas agter in die portaal.**

Daar is slegs **45 Almanak 2023 boeke beskikbaar**.

Die Almanak se koste is **R100.00 per eksimplaar.**

Ander kerk publikasies soos:
Die Kerkblad;
Slingervel;
Dordt in kort;
Evangelsasie en Herlewing (lesse vir Suid-Afrika);
Johannes Calvyn - Kommentaar Efesiërs;
Asemskeppunte en vele ander kan nou by die kerkkantoor bestel word.



# EVANGELISASIE



## Laat ons Sout & Lig

## in hierdie wêreld wees

Hand 16: 23...die bewaarder het hul buitekant toe gevat en gevra: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?"
31Hulle antwoord hom:
"Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."



## Praat saam....

- **Hoekom moet jy glo?**
- Om gered te word van jou sonde en van die ewige dood, die hel.

- Die persoon kan reageer; maar ek is dan 'n goeie mens.
  Steel nie, moor nie, en vat nie iemand anders se vrou nie.

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Praat saam….

- Die vraag;
- Het jy al ooit 'n lekkertjie uit jou ma se kombuis geneem?, gesteel,
- Vir iemand baie kwaad geword en geskel?

- Klein en groot sonde is voor God sonde en moet gestraf word.
- Ons verdien die ewige dood, die hel.



## Praat saam….

- Die persoon moet besef hy is 'n sondaar
- En die sondaar verdien die ewige dood.
- Met erkening daarvan kom die GENADE, wat moet ek doen?
- Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen.  Sien bankbesonderhede hierbo

***Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe.***
***Markus 14: 26***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS